

'N ONDERSOEK NA DIE GEDRAG  
VAN DIE OPLOSSING VAN 'N  
WARMTEGELEIDINGSPROBLEEM MET  
VARIËRENDE RANDMEDIUMPARAMETERS

DEUR

PIETA BRAND

voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad

MSc

IN DIE FAKULTEIT WIS- EN NATUURKUNDE  
VAN DIE  
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA  
PRETORIA

OKTOBER 1987

INHOUDSOPGAWE

|  |       |
|--|-------|
| SAMEVATTING  | (i)   |
| SYNOPSIS   | (iii) |
| HOOFSTUK 1: INLEIDING                                      | 1     |
| HOOFSTUK 2: WARMTEGELEIDING                                | 5     |
| 2.1 'n Warmtegeleidingsprobleem in een<br>dimensie         | 5     |
| 2.1.1 Massadigtheid  | 6     |
| 2.1.2 Spesifieke warmte $c$ en warmte-energie              | 8     |
| 2.1.3 Warmtevloed  | 11    |
| 2.2 Bronne   | 11    |
| 2.3 Die warmtevergelyking                                  | 12    |
| 2.4 Die materiaalvergelyking vir warmtevloed               | 14    |
| HOOFSTUK 3: RANDVOORWAARDES                                | 16    |
| 3.1 Inleiding  | 16    |
| 3.2 Die basiese randvoorwaardepostulaat                    | 19    |
| 3.3 Die behoudwet vir warmte-energie                       | 19    |
| 3.3.1 Digtheidsfunksies                                    | 20    |
| 3.4 Materiaalvergelykings                                  | 22    |
| 3.5 Randmodelle  | 23    |
| 3.6 Die dik-randmodel                                      | 23    |
| 3.7 Randvoorwaardes voortvloeiend uit die<br>dik-randmodel | 26    |
| 3.7.1 Materiaalvergelykings van kontak                     | 26    |
| 3.7.2 Moontlike randvoorwaardes met die<br>dik-randmodel   | 27    |
| 3.8 Transformasie van veranderlikes                        | 31    |

|             |   |     |
|-------------|---|-----|
| 3.9         | Eenduidigheid van die oplossings  | 33  |
| HOOFSTUK 4: | WARMTEGELEIDINGSPROBLEME  | 39  |
| 4.1         | Inleiding   | 39  |
| 4.2         | Probleem 1 - 'n warmtegeleidingsprobleem<br>waarin die Dirichlet-randvoorwaarde geld. | 43  |
| 4.3         | Probleem 2 - 'n warmtegeleidingsprobleem<br>waarin die Neumann-randvoorwaarde geld.   | 53  |
| 4.4         | Probleem 3 - 'n warmtegeleidingsprobleem<br>waarin die Dinamiese-randvoorwaarde geld. | 59  |
| 4.4.1       | Probleem A se oplossing   | 61  |
| 4.4.2       | Probleem B word opgelos   | 71  |
| 4.5         | Probleem 4 - Die "moederprobleem"   | 79  |
| 4.5.1       | Vorbereiding om die inverse Laplace-<br>transform te vind.                            | 85  |
| 4.5.2       | Die inverse transform   | 88  |
| 4.5.3       | Die wortels is reeel  | 90  |
| HOOFSTUK 5: | ANALITIESE OPLOSSING VAN DIE PROBLEME   | 97  |
| 5.1         | Die Dirichlet-randvoorwaardeprobleem  | 97  |
| 5.2         | Die Neumann-randvoorwaardeprobleem  | 99  |
| 5.3         | Die Dinamiese-randvoorwaarde-probleem   | 100 |
| 5.4         | Die Moederprobleem  | 107 |
| HOOFSTUK 6: | LIMIETGEVALLE VAN DIE OPLOSSING VAN DIE<br>MOEDERPROBLEEM                             | 109 |
| 6.1         | $K_2 \rightarrow \infty, L \rightarrow \infty$  | 109 |
| 6.2         | $K_2 \rightarrow 0$   | 113 |
| 6.3         | $K_2 \rightarrow \infty$  | 117 |
| HOOFSTUK 7: | SAMEVATTING   | 121 |

|  |     |
|--|-----|
| BYLAAG A - DIE DIRICHLET-RANDVOORWAARDE<br>PROBLEEM  | 124 |
| BYLAAG B - DIE NEUMANN-RANDVOORWAARDE<br>PROBLEEM  | 127 |
| BYLAAG C - DIE DINAMIESE-RANDVOORWAARDE<br>PROBLEEM  | 130 |
| BYLAAG D - DIE MOEDERPROBLEEM  | 133 |
| BYLAAG E - BEREKENING VAN DIE RESIDUE VAN<br>DIE UITDRUKKING $U_1(x, s)e^{st}$ BY DIE<br>POLE $s = \sigma_n$ | 138 |
| BIBLIOGRAFIE   | 147 |

(i)

'N ONDERSOEK NA DIE GEDRAG VAN DIE OPLOSSING  
VAN 'N  
WARMTEGELEIDINGSPROBLEEM MET  
"VARIERENDE RANDMEDIUMPARAMETERS

deur

PIETA BRAND

LEIER : Dr W J Rossouw  
DEPARTEMENT : Wiskunde en Toegepaste Wiskunde, Universiteit  
van Pretoria  
GRAAD : MSc

SAMEVATTING

Vir 'n goedgeformuleerde probleem word beherende vergelykings en newevoorwaardes benodig.

Beherende vergelykings word herlei uit behoudwette en materiaalverge-lykings. Die behoudwet wat in hierdie verhandeling van toepassing is, is die wet vir die behoud van warmte-energie, geformuleer as 'n parsiele dif-ferensiaalvergelyking, naamlik die warmtevergelyking.

$$\frac{\partial u}{\partial t} - \kappa \frac{\partial^2 u}{\partial x^2} = b$$

waar  $u$  die temperatuur is en  $\kappa$  bekend staan as die termiese diffusiwiteit.  $b$  is 'n bronterm van warmte-energie en  $x$  en  $t$  dui onderskeidelik posisie en tyd aan.

Materiaalvergelykings poog om 'n materiaal se fisiese eienskappe wiskun-dig te modelleer.

Newevoorwaardes in hierdie werk bestaan uit randvoorwaardes en 'n beginvoor-waarde.

(ii)

Hoofstuk 1 is 'n inleiding waar die belangrikste terminologie onder ander toegelig word.

In Hoofstuk 2 word die nodige begrippe gedefinieer en die warmtevergelykin afgelei.

In Hoofstuk 3 word drie moontlike randvoorwaardes bespreek wat geld vir die dik-randmodel, naamlik die Neumann-randvoorwaarde, die Dirichlet-randvoorwaarde en die Dinamiese-randvoorwaarde.

In Hoofstuk 4 word 'n analitiese oplossing vir elk van die bogenoemde probleme verkry, asook die oplossing van die sogenaamde "moederprobleem" was twee stawe, elk met sy eie fisiese eienskappe, gekoppel word.

In Hoofstuk 5 word grafieke van die oplossings van die probleme beskou.

In Hoofstuk 6 word parameters van die tweede staaf (of die warmtegeleidings koëffisiënt  $K_2$ , of die lengte  $L$ ) gevarieer in die moederprobleem en die oplossing vergelyk met die oplossings van bogenoemde probleme.

Ten slotte is Hoofstuk 7 'n samevatting van die resultate van die navorsing

(iii)

AN INVESTIGATION INTO THE BEHAVIOUR OF THE  
SOLUTION OF A HEAT CONDUCTION  
PROBLEM WITH VARYING BOUNDARY MEDIUM PARAMETERS

by

PIETA BRAND

LEADER : Dr W J Rossouw  
DEPARTMENT : Mathematics and Applied Mathematics, University  
of Pretoria  
DEGREE : MSc

SYNOPSIS

Governing equations and subsidiary conditions are required for a well-posed problem.

Governing equations are derived from conservation laws and constitutive equations. The applicable conservation law in this dissertation, is the law for the conservation of heat energy, formulated as a partial differential equation known as the heat equation

$$\frac{\partial u}{\partial t} - \kappa \frac{\partial^2 u}{\partial x^2} = b$$

In this equation  $u$  is the temperature and  $\kappa$  is the thermal diffusivity.  $b$  is a term that describes a source for heat energy and  $x$  and  $t$  denote position and time respectively.

Constitutive equations are equations that attempt to formulate a mathematical model for the physical properties of a material.

In this paper, subsidiary conditions consist of boundary conditions and an initial condition.

(iv)

Chapter 1 is an introduction where the most important terminology is mentioned.

In Chapter 2, the necessary concepts are defined and the heat equation is derived.

In Chapter 3, three possible boundary conditions that apply to the thin boundary model are discussed, namely the Neumann boundary condition, the Dirichlet boundary condition and the Dynamic boundary condition.

In Chapter 4 an analytical solution is obtained for each of the above-mentioned problems, as well as the solution of the so called "mother problem", where two rods, each with its own physical properties, are connected.

In Chapter 5 the graphs of solutions of the problems are considered.

In Chapter 6 parameters (either the heat conduction coefficient  $K_2$ , or the length  $L$ ) of the second rod are varied in the mother problem and the solution compared with the solutions of the above-mentioned problems.

Finally, Chapter 7 is a synopsis of the results of this research.

## HOOFSTUK 1

### INLEIDING


Vir 'n goedgeformuleerde probleem word beherende vergelykings en newevoorwaardes benodig.

Beherende vergelykings word herlei uit behoudwette en materiaalvergelykings (wat in hoofstuk 3 bespreek word).

Die dinamika van die warmtegeleidingsproses wat gemodelleer word, word vasgelê in 'n algemene behoudwet wat geld vir warmte-energie, geformuleer as 'n parsiele differensiaalvergelyking.

In hierdie verhandeling sal die begrip 'materiaalvergelyking' (wat 'n vergelyking is wat poog om 'n materiaal se fisiese eienskappe wiskundig te modelleer), uitgebrei word om ook die vergelykings vir die vorms van die verskillende digtheidsfunksies in te sluit. 'n Tipiese materiaalvergelyking is die vergelyking vir warmte-energiedigtheid wat die vorm van 'n digtheidsfunksie beskryf.

Skematies kan bogenoemde as volg voorgestel word:



In hoofstuk 2 word die nodige begrippe gedefinieer en met behulp van hierdie begrippe en die energie-behoudwet word die warmtevergelyking afgelei.

In hoofstuk 3 word drie moontlike randvoorwaardes bespreek wat geld vir die dik-randmodel onder bespreking in hierdie verhandeling. Die drie randvoorwaardes is naamlik die Neumann-randvoorwaarde, waar die warmtevloed by die randpunt voorgeskryf word, die Dirichlet-randvoorwaarde, waar die temperatuur by die randpunt voorgeskryf word en die Dinamiese-randvoorwaarde waar tyd- en ruimtelike afgeleides van die temperatuur gelyktydig voorkom in die randvoorwaarde wat by die randpunt voorgeskryf word.

In hoofstuk 4 word 'n analitiese oplossing vir elk van die probleme met bogenoemde randvoorwaardes verkry, asook die oplossing van die sogenaamde 'moederprobleem'. In die moederprobleem word twee stawe, elkeen met sy eie fisiese eienskappe, gekoppel. By die koppelpunt word perfekte termiese kontak gemaak.

In hoofstuk 5 word die grafieke van die oplossings van die verskillende probleme beskou en bespreek.

In hoofstuk 6 word die nodige parameters van die tweede staaf (of die warmtegeleidingskoeffisiënt  $K_2$ , of die lengte  $L$ ) verander (vergroet of verklein) om dan die oplossing van die veranderde moederprobleem te ondersoek en te vergelyk met die oplossings van die bogenoemde probleme.

Hoofstuk 7 is 'n kort samevatting van die resultate van hierdie navorsing en 'n paar probleme wat gedurende die navorsing ondervind is.

Hieronder volg 'n lys van simbole, asook hulle betekenis, wat die meeste in hierdie verhandeling voorkom. Die bladsynommers waar die simbole gedefinieer word, word ook aangedui.

| <u>SIMBOOL</u> | <u>BETEKENIS</u>  | <u>BLADSY</u> |
|----------------|---|---------------|
| A              | deursnitoppervlakte van die staaf                             | 5             |
| $B(d,t)$       | tempo waarteen 'n bron by die punt $d$ warmte-energie vrystel | 24            |


|                |   |    |
|----------------|---|----|
| $b(x, t)$      | bron van warmte-energie vrygestel<br>per eenheidslengte per eenheidstyd<br>by die punt $x$                                | 20 |
| $\bar{b}_2(t)$ | die gemiddelde tempo waarteen bronne<br>warmte-energie op tydstep $t$ in die<br>tweede gebied vrystel per eenheidslengte. | 30 |
| $c$            | spesifieke warmte   | 8  |
| $K$            | warmtegeleidingskoeffisient.  | 14 |
| $u(x, t)$      | temperatuur by posisie $x$ op tydstep $t$   | 10 |
| $v$            | warmte-energiedigtheid  | 20 |
| $\rho$         | massadigtheid   | 6  |
| $\phi(x, t)$   | warmte-energievloed by posisie $x$<br>op tydstep $t$  | 20 |
| $\kappa$       | termiese diffusiwiteit  | 15 |

**HOOFSTUK 2**  
**WARMTEGELEIDING**

In hierdie hoofstuk word die nodige begrippe gedefinieer en met behulp van hierdie begrippe en die behoudwet vir warmte-energie word die hittevergelyking afgelei.

2.1 **'N WARMTEGELEIDINGSPROBLEEM IN EEN DIMENSIE**

Beskou 'n staaf met 'n konstante deursnee-oppervlak  $A$  wat in die rigting van die  $X$ -as lê.



Hierdie driedimensionele probleem kan na 'n eendimensionele probleem gereduseer word deur te aanvaar dat die temperatuur van die staaf,  $u(x,t)$ , onafhanklik is van  $y$  en  $z$ . Die temperatuur is met ander woorde konstant vir elke dwarsdeursnit, maar dit wissel vanaf die een dwarsdeursnit na die volgende.

'n Paar begrippe word eers gedefinieer voordat die warmtevergelyking vir hierdie betrokke staaf afgelei word.

### 2.1.1 Massadigtheid

Beskou 'n homogene materiaal, massa  $m$ , volume  $V$ .

#### Definisie


$$(\text{Konstante}) \text{ massadigtheid} = \frac{\text{massa}}{\text{volume}} \left[ = \frac{m}{V} \right]$$

Beskou nou 'n nie-homogene materiaal in  $\Omega$ . Beskou 'n gebied  $G \subset \Omega$  met  $x \in G$ .

#### Definisie

Die gemiddelde digtheid in  $G$ , voorgestel deur  $\bar{\rho}$ , word as volg gedefinieer:

$$\bar{\rho} = \frac{\text{massa in } G}{\text{volume in } G} = \frac{\Delta m}{\Delta V}$$



#### Definisie

Die digtheid by  $x$

$$\rho(x) = \lim_{\Delta V \rightarrow 0} \bar{\rho} = \lim_{\Delta V \rightarrow 0} \frac{\Delta m}{\Delta V} \quad \text{met } x \in G.$$

Om die totale massa in  $\Omega$  te vind, verdeel  $\Omega$  in  $n$  deelversamelings  $G_i$ ,  $i=1,2,3,\dots,n$  sodanig dat

$$\Omega = G_1 \cup G_2 \cup G_3 \cup \dots \cup G_n.$$

Die massa in  $G_i$  is  $\Delta m_i = \bar{\rho}_i \Delta V_i$

Die totale massa in  $\Omega$  is

$$m = \sum_{i=1}^n \bar{\rho}_i \Delta V_i$$

Laat  $n \rightarrow \infty$  op so 'n manier dat  $\Delta V_i \rightarrow 0$  vir alle  $i$ .

$$\therefore \bar{\rho}_i \rightarrow \rho(x_i)$$

$$\therefore m = \lim_{\substack{\Delta V_i \rightarrow 0 \\ n \rightarrow \infty}} \sum_{i=1}^n \bar{\rho}_i \Delta V_i$$

$$= \int_G \rho(x) dV$$

volgens die definisie van die Riemann-integraal)

Maak die volgende staafaanname: oor 'n dwarsdeursnit bly alles konstant.

Dit impliseer onafhanklikheid van  $y$  en  $z$ .

$$\therefore \int_G dV = \int_a^b A dx$$

∴ Die massa van die staaf in die interval  $(a, b)$  is

$$\int_a^b \rho A dx.$$

### 2.1.2 Spesifieke warmte $c$ en warmte-energie.

Die spesifieke warmte van 'n stof word gedefinieer as die warmte-energie wat aan 'n eenheidsmassa van die stof verskaf moet word om die temperatuur van die stof met 'n eenheid te verhoog. In die algemeen is die spesifieke warmte  $c$  afhanklik van die temperatuur  $u(x, t)$  en ook van die tipe materiaal waaruit die staaf bestaan. As die samestelling van die eendimensionele staaf onder bespreking wissel vanaf die een posisie na die volgende, sal die spesifieke warmte ook afhanklik wees van  $x$ . In die algemeen sal

$$c = c(x, u).$$

Die spesifieke warmte is dus implisiet afhanklik van die tyd as gevolg van die tydafhanklikheid van  $u(x, t)$ . In die meeste probleme wissel die temperatuur nie te veel nie en dikwels is die spesifieke warmte amper onafhanklik van die temperatuur.

Die warmtevloei-probleem word dus geformuleer onder die aanname dat

$$c = c(x).$$


Vir 'n homogene materiaal is  $c$  'n konstante. Om dus die temperatuur van 'n homogene materiaal met massa  $m$  en spesifieke warmte  $c$  met  $T^\circ\text{C}$  te verhoog, word

$$cmT$$

eenhede warmte-energie benodig.

Beskou nou egter 'n nie-homogene materiaal. Laat  $p$  die hoeveelheid warmte-energie benodig wees om die

nie-homogene materiaal in  $G \subset \Omega$ , massa  $m$ , se temperatuur met  $T^\circ\text{C}$  te laat styg. Dan is die gemiddelde spesifieke warmte



$$\bar{c} = \frac{p}{mT} = \frac{p}{\bar{\rho}\Delta VT}$$

Die spesifieke warmte by 'n punt  $x$  is

$$c(x) = \lim_{\Delta V \rightarrow 0} \bar{c} = \lim_{\Delta V \rightarrow 0} \frac{p}{\bar{\rho}\Delta VT} \quad \text{met } x \in G.$$

Die hoeveelheid warmte-energie benodig om die temperatuur van  $G$  met  $T^\circ$  te verhoog is

$$p = \bar{c}\bar{\rho}T\Delta V$$

Verdeel  $\Omega$  in  $n$  deelyersamings  $G_i$  sodanig dat

$$\Omega = G_1 \cup G_2 \cup \dots \cup G_n$$

Die totale warmte-energie in  $\Omega$  is dan

$$q = \sum_{i=1}^n \bar{c}_i \bar{\rho}_i T \Delta V_i$$

Laat  $n \rightarrow \infty$  op so 'n manier dat  $\Delta V_i \rightarrow 0$  vir alle  $i$

$$\begin{aligned} \therefore \bar{\rho}_i &\rightarrow \rho(x_i) \\ \text{en} \quad \bar{c}_i &\rightarrow c(x_i) \end{aligned}$$

$\therefore$  die totale warmte-energie in  $\Omega$  is

$$q = \lim_{\substack{n \rightarrow \infty \\ \Delta V_i \rightarrow 0}} \sum_{i=1}^n \bar{c}_i \bar{\rho}_i u(x, t) \Delta V_i$$

waar  $u(x, t)$  geskryf word in plaas van  $T$ .

$$\therefore q = \int_G c(x) \rho(x) u(x, t) dV$$

$c(x) \rho(x) u(x, t)$  is die digtheidsfunksie vir warmte-energie, omdat vir alle  $G \subset \Omega$  geld dat


$$\text{warmte-energie in } G = \int_G c \rho u dV$$

Vir enige interval  $(a, b)$  wat 'n gedeelte van die staaf bevat geld

$$\text{warmte-energie} = \int_a^b c(x) \rho(x) u(x, t) A dx \quad \text{-----} (2.1)$$

### 2.1.3 Warmtevloed.

Die warmte-energie in die staaf onder beskouing verander met tyd as gevolg van warmte-energie wat oor die rande vloei en ook as gevolg van energie wat binne-in die staaf opgewek word deur positiewe of negatiewe warmte-energiebronne.



Laat  $\phi(x,t)$  die hoeveelheid warmte-energie wees wat per tydseenheid na regs vloei oor 'n eenheidsoppervlakte by posisie  $x$ .  $\phi(x,t)$  word die warmtevloed by posisie  $x$  op tydstip  $t$  genoem. As  $\phi(x,t) < 0$ , beteken dit dat warmte-energie na links vloei.


### 2.2 BRONNE

Laat  $b(x,t)$  die digtheidsfunksie wees vir die warmte-energie wat per eenheidsvolume per eenheidstyd vrygestel word by die punt  $x \in \Omega$ .  $b(x,t)$  verteenwoordig bronne van warmte-energie (byvoorbeeld as gevolg van chemiese reaksies of elektriese verhitting.)

Op 'n wyse soortgelyk aan die wat in paragraaf 2.1.1 en 2.1.2 gevolg is volg dat die totale warmte-energie in die gebied  $G$  vrygestel per

eenheidtyd gegee word deur

$$\int_G b(x,t) dV$$



### 2.3 DIE WARMTEVERGELYKING

Die behoudwet vir warmte-energie kan as volg beskryf word:

Tempo van verandering van warmte-energie in 'n gebied

= warmte-energie wat per tydseenheid oor die rande van die gebied vloei


+

warmte-energie binne-in die gebied opgewek per tydseenheid.

(2.2)

Dit is die beginsel van warmte-energiebehoud.

Beskou nou 'n eindige segment van die staaf vanaf  $x=a$  tot by  $x=b$



Die totale hoeveelheid warmte-energie in  $(a,b)$  is volgens vergelyking (2.1)

$$\int_a^b c\rho u A dx$$

Volgens die beginsel van energiebehoud is, (met behulp van vergelykings (2.1) en (2.2) )

$$\frac{d}{dt} \int_a^b c\rho u A dx = A\phi(a,t) - A\phi(b,t) + \int_a^b b A dx$$

Verder is  $\phi(a,t) - \phi(b,t) = - \int_a^b \frac{\partial \phi}{\partial x} dx$

en  $\frac{d}{dt} \int_a^b c\rho u dx = \int_a^b \frac{\partial}{\partial t} (c\rho u) dx$

(mits integrasie en differensiasie mag verwissel word. Dit is die geval as die integraal gelykmatig konvergeer.)

Dan is  $\int_a^b \left[ \frac{\partial}{\partial t} (c\rho u) + \frac{\partial \phi}{\partial x} - b \right] dx = 0$

Dit geld vir willekeurige  $(a,b) \subset (0,L)$ .

Indien die integrand kontinu is, is dit slegs moontlik as die integrand identies nul is.

Gevolglik is

|  |             |
|--|-------------|
| $\frac{\partial}{\partial t} (c\rho u) = - \frac{\partial \phi}{\partial x} + b$ | _____ (2.3) |
|--|-------------|

## 2.4 DIE MATERIAALVERGELYKING VIR WARMTEVLOED.

Beskou die volgende eienskappe van warmtevloei:

a) As die temperatuur in 'n gebied konstant is, vloei geen warmte-energie nie.

b) As daar temperatuurverskille is, vloei warmte-energie vanaf die warmer gebied na die kouer gebied.

(eerste wet van die termodinamika)

c) Hoe groter die temperatuurverskille (vir dieselfde stof) is, hoe groter is die warmte-energie-vloed.

d) Die warmte-energie-vloed sal wissel vir verskillende stowwe.

Bogenoemde vier eienskappe is deur Fourier opgesom deur die volgende formule:

$$\phi = -K \frac{\partial u}{\partial x} \text{ ————— (2.4)}$$

Hierdie wet staan bekend as Fourier se warmtegeleidingswet.

K word die warmtegeleidingskoeffisient genoem.

Dit is ook moontlik dat  $K = K(x)$ .

As hierdie vergelyking nou vervang word in die vergelyking vir warmte-energie-behoud, (2.3), ontstaan die volgende parsiele differensiaalvergelyking:

$$\frac{\partial}{\partial t}(c\rho u) = \frac{\partial}{\partial x}\left(K\frac{\partial u}{\partial x}\right) + b$$

In die geval van 'n homogene staaf, waar  $c$ ,  $\rho$  en  $K$  konstantes is, word hierdie parsiele differensiaalvergelyking

$$c\rho\frac{\partial u}{\partial t} = K\frac{\partial^2 u}{\partial x^2} + b \quad \text{-----}(2.5)$$

As daar geen warmtebronne is nie, sodat  $b=0$ , word (2.5)

$$\frac{\partial u}{\partial t} = \kappa\frac{\partial^2 u}{\partial x^2} \quad \text{met } 0 < x < L, \quad t > 0$$

waar  $\kappa = \frac{K}{c\rho}$  bekend staan as die termiese diffusiwiteit.

----- (2.6)

Om die temperatuur te voorspel word een beginvoorwaarde  $u(x,0) = f(x)$  en twee randvoorwaardes vir  $u$ , een by  $x=0$  en een by  $x=L$ , benodig.

### HOOFSTUK 3

#### RANDVOORWAARDES

#### 3.1 INLEIDING

In die partikeldinamika en die starreliggaam-dinamika is dit gebruik om 'n bepaalde partikel (deeltjie) of 'n fisiese liggaam in sy beweging deur die ruimte te volg. Op die manier word dan begrippe soos beweging en baan verkry. Wanneer meer ingewikkelde bewegings beskou word, soos die van 'n vloeistof of elastiese stof waar die invloed van een deel op 'n ander nie meer so eenvoudig is nie, is dit nie meer so maklik om bewegings te beskryf nie. Vir 'n ander beskrywing het Euler die sogenaamde veldteoretiese benadering ontwikkel.

Dit kom daarop neer dat 'n waarnemer by 'n posisie  $x$  in die ruimte geplaas word en dat hy daar op enige gegewe tydstip  $t$  'n hoeveelheid  $u(x,t)$  waarneem.  $u$  word dan 'n veldteoretiese hoeveelheid genoem.

In die studie van veldteoretiese probleme word baie aandag gegee aan die formulering van beherende vergelykings. Benewens die beherende vergelykings van 'n fisiese proses, word ook randvoorwaardes, waaronder randvoorwaardes benodig ten einde te verseker dat die besondere probleem goedgeformuleer is.

'n Algemene teorie vir die sinvolle formulering van randvoorwaardes word gegee deur W J Rossouw [Behoudwetformulerings vir randvoorwaardes]. D

hoofpostulaat van daardie werk veronderstel dat voorwaardes wat op die rand van die gebied geld, die gevolg is van kontak tussen die gebied en 'n randmedium. Randvoorwaardes moet dus die wiskundige formulering wees van die wisselwerking tussen die gebied en die rand. Hierdie formulering behels die implementering van behoudwette en materiaalvergelykings vir die randmedium.

Die beherende vergelykings van die wiskundige model onder bespreking, naamlik die probleem van warmtegeleiding in een dimensie, word dan uit twee soorte vergelykings herlei, naamlik 'n behoudwet en materiaalvergelykings (wat in die volgende paragraaf gedefinieer word). Die dinamika van die warmtevloeiproses wat gemodelleer word, word vasgelê in 'n algemene behoudwet wat geld vir warmte-energie (sien vergelyking (2.2) )

Materiaalvergelykings ('constitutive equations') is volgens die literatuur vergelykings wat poog om 'n materiaal se fisiese eienskappe wiskundig te modelleer en is altyd idealiserings van werklike materiale. Vergelyking (2.4) wat die warmtevloed beskryf

$$\phi = -K \frac{\partial u}{\partial x}$$

is byvoorbeeld 'n materiaalvergelyking.

'n Goedgeformuleerde probleem het die volgende drie eienskappe:  
[Weinberger, 1965, bladsy 6]

a) Vir geskikte data bestaan 'n oplossing.

b) Die oplossing van die probleem is eenduidig vir die geskikte data.

c) Die oplossing van die probleem is kontinu met betrekking tot die geskikte data.

Ten einde die goedgeformuleerdheid van die probleem te ondersoek, word die beherende vergelykings van die probleem altyd ten volle betrek by die analise van die probleem ten opsigte van al drie die eienskappe wat hierbo genoem word. Dit is ook duidelik dat die beherende vergelykings alleen nie 'n goedgeformuleerde probleem verseker nie. By al drie die eienskappe hierbo is daar sprake van 'geskikte data'. Hierdie 'geskikte data' hou verband met die randvoorwaardes van die probleem.

In die praktyk is randeffekte die gevolg van 'n gebied se kontak met sy 'buitewêreld'. Die formulering van randvoorwaardes behels dus die wiskundige modellering van hierdie kontakteffekte. In die lig hiervan word randvoorwaardes vir die eendimensionele warmtegeleidingsprobleem geformuleer deur 'n randmedium met sy eie fisiese eienskappe te postuleer, en die wisselwerking tussen hierdie randmedium en die interne gebied wiskundig te beskryf. Die formulering van randvoorwaardes is gevolglik wesenlik die beskrywing van 'n dinamiese proses met behulp van 'n behoudwet en materiaalvergelykings. Die voorwaardes wat geld op die rand van die gebied wat bestudeer word, kan slegs korrek geformuleer word indien hierdie wisselwerkings behoorlik wiskundig gemodelleer word.

### 3.2 DIE BASIESE RANDVOORWAARDEPOSTULAAT

Die randvoorwaardes vir 'n probleem is goedgeformuleer indien hierdie randvoorwaardes die wiskundige modellering van die wisselwerkings tussen die interne gebied en die randmedium, as medium met sy eie besondere eienskappe, in ag neem. [Rossouw, 1983, bladsy 16]

Wiskundige modellering van die wisselwerkings beteken dat die randmedium werklik as medium erken moet word. Vir die randmedium geld dus wette soortgelyk aan die vir die gebied wat bestudeer moet word. Hierdie wett is naamlik materiaalvergelykings asook 'n behoudwet vir warmte-energie.

### 3.3 DIE BEHOUDWET VIR WARMTE-ENERGIE.

Die behoudwet wat geld vir die proses van warmtevloei is, soos reeds in vergelyking (2.2) aangetoon:

(Die tempo waarteen die totale hoeveelheid warmte energie in 'n gebied verander) =

(Die vloeitempo van warmte-energie oor die rand van die gebied)

(Die tempo waarteen bronne warmte-energie in die gebied vrystel)

---

(3.1)

### 3.3.1 Digtheidsfunksies.

Ten einde vergelyking (3.1) in 'n wiskundige vorm te giet, word 'n aantal digtheidsfunksies benodig.

Die digtheidsfunksies hieronder word gedefinieer vir  $t \in (0, T)$  en vir  $x \in G \subset R$ .  $x$  is 'n ruimtelike koördinaat terwyl  $t$  die tydkoordinaat is.

Die volgende word aanvaar ten opsigte van die eienskappe van die digtheidsfunksies:


- a) Die digtheidsfunksies bestaan en is eenduidig.
- b) Die digtheidsfunksies is voldoende differensieerbaar.
- c) Die digtheidsfunksies en die nodige afgeleides daarvan is lokaal-integreerbaar.

$v = v(x, t)$  is die digtheidsfunksie vir die warmte-energie waarvoor die behoudwet geld. Die eenhede van  $v$  is J/m.

$b = b(x, t)$  is die digtheidsfunksie wat die tempo beskryf waarteen bronne in die gebied warmte-energie in die gebied vrystel per eenheidslengte van die gebied. Die eenhede van  $b$  is W/m.

$\phi = \phi(x, t)$  is 'n funksie vir die totale warmte-energievloed. Die eenhede van  $\phi$  is J/sek.

In terme van die digtheidsfunksies word die behoudwet (3.1) nou geformuleer vir willekeurige  $(c,d) \subset G$ .



$$\frac{d}{dt} \int_c^d v dx = [\phi(c,t) - \phi(d,t)] + \int_c^d b(x,t) dx$$

$$= - \int_c^d \frac{\partial \phi}{\partial x}(x,t) dx + \int_c^d b(x,t) dx \quad (3.2)$$

Indien differensiasie en integrasie aan die linkerkant verwissel mag word, volg dat

$$\int_c^d \left( \frac{\partial v}{\partial t} + \frac{\partial \phi}{\partial x} - b \right) dx = 0$$

Aangesien  $\frac{\partial v}{\partial t} + \frac{\partial \phi}{\partial x} - b$  volgens aanname (c) hierbo lokaal integreerbaar is, volg uit die willekeurigheid van  $(c,d)$  die verdere vorm van die behoudwet

$$\frac{\partial v}{\partial t} + \frac{\partial \phi}{\partial x} = b \quad (3.3)$$

### 3.4 MATERIAALVERGELYKINGS.

Die behoudwet (3.3) alleen is onvoldoende om die oplossing van die probleem eenduidig te bepaal. Ten einde die behoudwet te gebruik is dit nodig om materiaalvergelykings te gee vir die digtheidsfunksie  $v$ , die vloedfunksie  $\phi$ , en die bronfunksie  $b$ .

In hoofstuk 2, vergelyking (2.6), volg dat die beheervergelyking vir warmtegeleiding in 'n eendimensionele homogene isotropiese medium sonde hittebronne die volgende is:

$$c\rho\frac{\partial u}{\partial t} - K\frac{\partial^2 u}{\partial x^2} = 0$$

deur te aanvaar dat die warmte-energie-digtheid  $v=c\rho u$ , die warmtevloed  $\phi=-K\frac{\partial u}{\partial x}$  en die bron  $b=0$  is.

Die sukses-al-dan-nie van die wiskundige model vir hierdie fisiese proses van warmtevloei is in 'n groot mate afhanklik van hoe goed hierdie materiaalvergelykings die eienskappe van die proses wiskundig beskryf.

Manipulasie van die fisiese eienskappe van die randmedium (wat neerkom op die manipulasie van die materiaalvergelykings) is nodig vir die daarstelling van verskillende soorte randvoorwaardes.

### 3.5 RANDMODELLE.

Soos reeds gemeld, moet die eienskappe van 'n randmedium deeglik in ag geneem word by die formulering van randvoorwaardes. Een van hierdie eienskappe is die afmetings van die randmedium.


Dit is soms s<sup>o</sup> dat die afmetings van die randmedium van dieselfde orde is as die afmetings van die gebied wat bestudeer word. In s<sup>o</sup> 'n geval word die randmedium 'dik' genoem en word daar 'n 'dik-randmodel' geformuleer.

Soms is die afmetings van die randmedium klein in vergelyking met die afmetings van die medium wat bestudeer word. Vir sulke gevalle word die randmedium 'dun' genoem en word 'n 'dun-randmodel' geformuleer. 'n Dun-randmodel kan soms ook geformuleer word indien die randmedium oor besondere fisiese eienskappe beskik.

In hierdie verhandeling word van die dik-randmodel gebruik gemaak en gevolglik word slegs di<sup>e</sup> model bespreek.

### 3.6 DIE DIK-RANDMODEL.

In hierdie paragraaf word die medium wat bestudeer word, sowel as die randmedium, gemodelleer as eendimensionele kontinue media.



Die interne gebied is  $G_1=(c,d)$ . Die eksterne gebied (randmediumgebied) is  $G_2=(d,e)$ . Die rand van  $G_1$  is  $\partial G_1=\{c,d\}$ . Hier word slegs randvoorwaardes by  $d$  geformuleer. Die randvoorwaardes by  $c$  volg soortgelyk.  $d$  is 'n singuliere punt ten opsigte van onder andere materiaaleienskappe, want by  $d$  het twee verskillende materiale met mekaar kontak. Die bestaan van 'n bron by so 'n punt moet dus in ag geneem word. Indien  $d$  byvoorbeeld 'n punt is waar water besig is om te vries (water links en ys regs van  $d$ ) word latente warmte by  $d$  vrygestel.

$B=B(d,t)$  is die funksie wat die tempo beskryf waarteen die bron by  $d$  warmte-energie vrystel.

Die behoudwet wat vir die gebied  $G_2$  geld, is nog nie 'n randvoorwaarde vir  $G_1$  by  $d$  nie, aangesien koppeling tussen  $G_1$  en sy randgebied  $G_2$  nog nie bewerkstellig is nie. Hierdie koppeling volg deur die warmtebehoudwet vir  $(d-\epsilon_1, d+\epsilon_2)$  te formuleer

Hierdie behoudwet is:

$$\frac{d}{dt} \left[ \int_{d-\epsilon_1}^d c_1 \rho_1 u_1 dx + \int_d^{d+\epsilon_2} c_2 \rho_2 u_2 dx \right] = \phi_1(d-\epsilon_1, t) - \phi_2(d+\epsilon_2, t) + \int_{d-\epsilon_1}^d b_1 dx + \int_d^{d+\epsilon_2} b_2 dx + B(d, t) \quad (3.4)$$

Laat  $\epsilon_1, \epsilon_2 \rightarrow 0$

Die bostaande koppelvergelyking word dan vir lokaal integreerbare  $c_1 \rho_1 u_1$ ,  $c_2 \rho_2 u_2$ ,  $b_1$  en  $b_2$ :

$$0 = \phi_1(d, t) - \phi_2(d, t) + B(d, t)$$

Na aanleiding van die randvoorwaardepostulaat vroeër gedefinieer in paragraaf 3.2 is die veralgemeende randvoorwaarde by  $d$  die behoudwet-cum-koppelvergelyking

$$\frac{\partial}{\partial t}(c_2 \rho_2 u_2) + \frac{\partial}{\partial x}(-K_2 \frac{\partial u_2}{\partial x}) = b_2 \quad t > 0, d < x < e \quad \text{---(3.5a)}$$

$$\phi_1(d, t) = \phi_2(d, t) - B(d, t) \quad t > 0 \quad \text{---(3.5b)}$$

Die veralgemeende randvoorwaarde kan ook as 'n enkele vergelyking geskryf word wat soms geriefliker hanteer as die twee vergelykings (3.5).

Deur in (3.4) te stel dat  $\epsilon_1 \rightarrow 0$  en  $\epsilon_2 \rightarrow e-d$  volg die randvoorwaarde by  $d$  as die enkele vergelyking

$$\frac{d}{dt} \int_d^e c_2 \rho_2 u_2 dx = \phi_1(d, t) - \phi_2(e, t) + \int_d^e b_2 dx + B(d, t)$$

of

$$\phi_1(d, t) = \frac{d}{dt} \int_d^e c_2 \rho_2 u_2 dx + \phi_2(e, t) - \int_d^e b_2 dx - B(d, t) \quad \text{---(3.6)}$$

Randvoorwaardes by  $d$  word verkry deur die besondere materiaalvergelykings vir die randmedium in die veralgemeende randvoorwaarde (3.5) of (3.6) te vervang.

### 3.7 RANDVOORWAARDES VOORTVLOEIEND UIT DIE DIK-RANDMODEL.

Meer spesifieke randvoorwaardes volg deur die materiaalvergelykings vir die randmedium met die behoudwet te kombineer. Vir verdere toepassing van die werk is dit nodig om die begrip 'materiaalvergelyking van kontak' te definieer. (Sien 'Samestellingsvergelyking van kontak', Rossouw [1983], bladsy 27)

#### 3.7.1 Materiaalvergelykings van kontak.

Funksies word gedefinieer vir twee aanliggende intervalle  $(c,d)$  en  $(d,e)$ . Vir die twee aanliggende intervalle kan limietwaardes vir funksies bepaal word vir die limietpunt  $d$  tussen  $(c,d)$  en  $(d,e)$ .


Die volgende definisie word nou gegee:

'n Materiaalvergelyking van kontak is enige vergelyking wat nie alreeds 'n behoudwet is nie en wat verbande gee tussen die limietwaardes van funksies gedefinieer in  $(c,d)$  en  $(d,e)$  by die limietpunt  $d$ .

'n Voorbeeld van so 'n vergelyking is die vergelyking van swak of perfekte termiese kontak, wat in vergelyking (3.7) gebruik word.

### 3.7.2 Moontlike randvoorwaardes met die dik-randmodel.

In hierdie paragraaf word die probleem van warmtegeleiding in die begrensde interne gebied  $G_1$  ontleed.



Die digtheidsfunksies gedefinieer op  $G_i$  ( $i=1,2$ ) is die volgende:

$$\text{warmte-energie digtheid} = v_i = c_i \rho_i u_i$$

$$\text{warmte-energie vloed} = \phi_i = -K_i \frac{\partial u_i}{\partial x}$$

waar  $c_i$  = spesifieke warmte  
 $\rho_i$  = massadigtheid  
 $u_i$  = temperatuur  
 en  $K_i$  = warmtegeleidingsvermoë<sup>n</sup>

Die mees algemene randvoorwaardes by  $d$  is die behoudwette (3.5) en (3.6):

$$c_2 \rho_2 \frac{\partial u_2}{\partial t} - K_2 \frac{\partial^2 u_2}{\partial x^2} = b_2 \quad \text{in } G_2 \quad \text{vir } t > 0$$

$$\phi_1(d, t) = \phi_2(d, t) - B(d, t) \quad \text{vir } t > 0 \quad \text{--- (3.5) '}$$

of

$$\phi_1(d, t) = \frac{d}{dt} \int_d^e c_2 \rho_2 u_2 dx + \phi_2(e, t) - \int_d^e b_2 dx - B(d, t)$$

vir  $t > 0$  —(3.6)'

Behalwe waar anders vermeld, is die materiaalvergelyking van kontak by die vergelyking van perfekte termiese kontak. By  $d$  geld dus

$$u_2 = H(u_1) = u_1 \text{ —————(3.7)}$$

Enkele randvoorwaardes wat kan voortvloei uit die behoudwette (3.5) en (3.6) in kombinasie met die materiaalvergelyking van kontak, word nou afgelei.

Neumann-randvoorwaardes word eerste geformuleer met behulp van (3.5). Aanvaar die randmedium is 'n volkome isolator, dit wil se  $\hat{K}_2 = 0$ . Uit (3.5b) volg die Neumann-randvoorwaarde soos volg:

$$\phi_1(d, t) = \phi_2(d, t) - B(d, t)$$

$$-K_1 \frac{\partial u_1}{\partial x}(d, t) = -K_2 \frac{\partial u_2}{\partial x}(d, t) - B(d, t)$$

$$\therefore -K_1 \frac{\partial u_1}{\partial x}(d, t) = -B(d, t) \quad (\text{want } K_2 = 0)$$

$$\text{of} \quad \frac{\partial u_1}{\partial x}(d, t) = \frac{B(d, t)}{K_1} = f \text{ —————(3.8)}$$

wat 'n Neumann-randvoorwaarde is.

Die fisiese implikasie van 'n Neumann-randvoorwaarde is dus hier dat 'n puntbron  $B = K_1 f$  hitte vrystel by die punt  $d$  wat volkome termies geïsoleer is van die eksterne gebied.

'n Dinamiese randvoorwaarde is 'n randvoorwaarde waarin tyd- en ruimtelike afgeleides van die afhanklike veranderlikes gedefinieer in  $G_1 = (c, d)$  gelyktydig voorkom.

'n Dinamiese randvoorwaarde word nou vir die probleem onder bespreking verkry. Aanvaar dat die randmedium 'n supergeleier is, dit wil se  $\hat{K}_2 \rightarrow$

Indien die vloed

$$\phi_2 = -K_2 \frac{\partial u_2}{\partial x}$$

begrens is, moet

$$\frac{\partial u_2}{\partial x} = 0$$

Dus is

$$u_2(x, t) = U_2(t) \quad \text{in } G_2 \text{-----} (3.9)$$

Met behulp van (3.9) reduceer (3.6) tot

$$\phi_1(d, t) = \ell c_2 \rho_2 U_2(t) + \phi_2(e, t) - \int_d^e b_2 dx - B(d, t)$$

$$(\ell = e - d)$$

Vir perfekte termiese kontak by  $d$  is

$$u_1(d, t) = u_2(d, t) = U_2(t)$$

$$\therefore -K_1 \frac{\partial u_1}{\partial x}(d, t) = \phi_1(d, t) = \ell c_2 \rho_2 \frac{\partial u_1}{\partial t}(d, t) + \phi_2(e, t) - \bar{b}_2(t)\ell - B(d, t)$$

Hierin is  $\bar{b}_2(t)$  die gemiddelde tempo waarteen bronne warmte-energie  $c$  tydstip  $t$  in  $(d, e)$  vrystel per eenheidslengte.

$$\therefore \ell c_2 \rho_2 \frac{\partial u_1}{\partial t}(d, t) + K_1 \frac{\partial u_1}{\partial x}(d, t) = \ell \bar{b}_2(t) + B(d, t) - \phi_2(e, t) \quad \text{-----}(3.10)$$

Aangesien die behoudwet (3.10) tyd- en ruimtelike afgeleides van die veranderlike  $u_1$  bevat, is dit 'n dinamiese randvoorwaarde.

Dirichlet-randvoorwaardes volg uit die dinamiese randvoorwaardes. Laat in (3.10)  $\ell \rightarrow \infty$  nadat die vergelyking deur  $\ell$  gedeel is:

$$\begin{aligned} \therefore \lim_{\ell \rightarrow \infty} \left[ \frac{\ell c_2 \rho_2 \frac{\partial u_1}{\partial t}(d, t)}{\ell} + \frac{K_1 \frac{\partial u_1}{\partial x}(d, t)}{\ell} \right] \\ = \lim_{\ell \rightarrow \infty} \left[ \frac{\ell \bar{b}_2(t)}{\ell} + \frac{B(d, t)}{\ell} - \frac{\phi_2(e, t)}{\ell} \right] \end{aligned}$$

$$\therefore c_2 \rho_2 \frac{\partial u_1}{\partial t}(d, t) = \bar{b}_2(t) \quad \text{by } d.$$

Integrasie hiervan lewer die tyd-afhanklike Dirichlet-randvoorwaarde

$$u_1(d, t) = \frac{1}{c_2 \rho_2} \int_0^t \bar{b}_2(r) dr + u_2(0) \quad \text{-----}(3.11)$$

Dirichlet-randvoorwaardes behels dus die 'geskiedenis' van alle randmediumbronne van 'n supergeleidende rand van oneindige lengte.


Ander materiaalvergelykings van kontak lewer ander randvoorwaardes. Die vorm van die materiaalvergelyking van kontak

$$u_x = H(u_x) \quad \text{by } x=d \text{ en vir } t>0.$$

kan vir probleme van warmtegeleiding heelwat varieer.

### 3.8 TRANSFORMASIE VAN VERANDERLIKES.

Die doel van hierdie paragraaf is om 'n gebied te verkry met eenheidslengte en om die koëffisiënte in die partiële differensiaalvergelyking (2.6) weg te transformeer.



Die gebiede waarin gewerk word is  $(-a, 0)$  en  $(0, L)$  soos in die figuur


In  $(-a, 0)$ , vir  $t \geq 0$ , geld die hittevergelyking

$$c_1 \rho_1 \frac{\partial u_1}{\partial t} - K_1 \frac{\partial^2 u_1}{\partial x^2} = 0 \quad (3.12)$$

Nadat die volgende transformasie uitgevoer is kom die materiaalkonstantes voor in die vergelykings vir die randmedium, wat latere analise makliker maak.

Laat  $x = a\bar{x}$  en  $t = \frac{c_1 \rho_1 a^2}{K_1} \bar{t}$  [Carslaw en Jaeger, 1959, bladsy 24]

Die twee gebiede transformeer dus na  $(-1,0)$  en  $(0, \frac{L}{a})$



Om die hittevergelyking te transformeer word as volg te werk gegaan:

$$\frac{\partial u_1}{\partial x} = \frac{\partial u_1}{\partial \bar{x}} \cdot \frac{\partial \bar{x}}{\partial x} = \frac{1}{a} \frac{\partial u_1}{\partial \bar{x}}$$

sodat 
$$\frac{\partial^2 u_1}{\partial x^2} = \frac{1}{a^2} \frac{\partial^2 u_1}{\partial \bar{x}^2}$$

$$\frac{\partial u_1}{\partial t} = \frac{\partial u_1}{\partial \bar{t}} \cdot \frac{\partial \bar{t}}{\partial t} = \frac{K_1}{c_1 \rho_1 a^2} \frac{\partial u_1}{\partial \bar{t}}$$

Die hittevergelyking word

$$c_1 \rho_1 \frac{K_1}{c_1 \rho_1 a^2} \frac{\partial u_1}{\partial \bar{t}} - K_1 \frac{1}{a^2} \frac{\partial^2 u_1}{\partial \bar{x}^2} = 0 \quad \text{vir } -1 < \bar{x} < 0$$

en  $\bar{t} > 0$

sodat 
$$\frac{\partial u_1}{\partial \bar{t}} - \frac{\partial^2 u_1}{\partial \bar{x}^2} = 0 \quad \text{in die gebied } (-1,0) \text{ met } \bar{t} > 0.$$

In hoofstuk 4 word van hierdie transformasie gebruik gemaak. Ten einde verwarring met moeilik hanteerbare simbole uit te skakel, word gebruik gemaak van die bekende simbole  $x$  en  $t$ , in plaas van  $\bar{x}$  en  $\bar{t}$ . Dit is dus belangrik om deurgaans bewus te wees van die feit dat daar met 'n getransformeerde probleem gewerk word.

### 3.9 EENDUIDIGHEID VAN DIE OPLOSSINGS

Beskou die hittegeleidingsprobleem in 'n eindige geslote gebied met voorgeskrewe beginvoorwaarde waarin die Dirichlet-randvoorwaarde geld, as voorbeeld.

Indien moontlik, laat  $u_1$  en  $u_2$  twee onafhanklike oplossings wees van die probleem

$$\begin{aligned}
 \frac{\partial u}{\partial t} - \frac{\partial^2 u}{\partial x^2} &= 0 & 0 < x < 1 \\
 u(x, 0) &= 1 & 0 \leq x \leq 1 \\
 u(0, t) &= 0 & t > 0 \\
 u(1, t) &= g(t) & t > 0
 \end{aligned}
 \quad \text{----- (3.13)}$$

Laat  $U = u_1 - u_2$ . Dan bevredig  $U$  die vergelykings

$$\begin{aligned}
 \frac{\partial U}{\partial t} - \frac{\partial^2 U}{\partial x^2} &= 0 & 0 < x < 1 \\
 U(x, 0) &= 0 & 0 \leq x \leq 1 \\
 U(0, t) &= 0 & t > 0 \\
 U(1, t) &= 0 & t > 0
 \end{aligned}
 \quad \text{----- (3.14)}$$

As vergelykings (3.14) slegs die triviale oplossing  $U \equiv 0$  het, is  $u_1 \equiv u_2$ , dit wil se  $\hat{u}$  die oplossing van (3.13) is eenduidig.

Beskou die integraal

$$J(t) = \frac{1}{2} \int_0^1 U^2 dx \geq 0 \quad \text{-----} (3.15)$$

waar  $U$  die oplossing is van (3.14)

$$\frac{dJ}{dt} = \int_0^1 U \frac{\partial U}{\partial t} dx = \int_0^1 U \frac{\partial^2 U}{\partial x^2} dx$$

As  $U$  en sy eerste en tweede afgeleides kontinu is, volg met behulp van stuksgewyse integrasie

$$\int_0^1 U \frac{\partial^2 U}{\partial x^2} dx = U \frac{\partial U}{\partial x} \Big|_0^1 - \int_0^1 \frac{\partial U}{\partial x} \frac{\partial U}{\partial x} dx$$

$$\therefore \frac{dJ}{dt} = U \frac{\partial U}{\partial x} \Big|_0^1 - \int_0^1 \left( \frac{\partial U}{\partial x} \right)^2 dx$$

Aangesien  $U = 0$  by die rande, volg

$$\frac{dJ}{dt} = - \int_0^1 \left( \frac{\partial U}{\partial x} \right)^2 dx \quad \text{indien } \frac{\partial U}{\partial x} \text{ begrens is op die rande.}$$

Dus is

